**Tightlybound (Tienerbediening)**

Dit is vir ons as leraars en jeugmentors 'n voorreg om julle kind vanjaar by **TIGHTLYBOUND** te verwelkom.

Hierdie jaar gaan ons by NG Montana se Tightlybound op ‘n ***ernstige geloofsreis begin stap.*** Ons gaan as ‘n span julle as ouers en julle kinders se “commitment” nodig hê.

Ek (Ds Carli Fourie) is een van die nuwe leraars in die gemeente en my fokus is om saam met julle as ouers en julle kinders in geloof te reis. Die afgelope jaar het ek op Sinode vlak, landswyd en selfs wêreldwyd die taak gehad om te weet wat in kinders/tieners/jongvolwassenes se lewens aan gaan, op watter vlak hulle nou is en wat die wêreld en nasionale tendense tans is.
Wat ons gevind het is dat tieners al hoe minder kerk toe kom, vir verskeie redes, maar die grootste daarvan is té vol programme.

In samewerking met sielkundiges aan die Universiteit van Columbia in New York het ons gevind:

- ✓ Dat geloofsvorming en om ‘n nabye verhouding met die Here te hê **60% minder geneig sal wees om depressief** te wees as tiener en as die geloofsband sterk gevorm word in hierdie jare, dat dit sal volhou in volwassenheid in en ‘n lewenslange lewenskragtigheid vir seker.
- ✓ **40% minder geneig is om substanse te misbruik.**
- ✓ **80% minder geneig is om riskante en destruktiewe gedrag te hê.**
- ✓ Dit maak ook jou brein **wakker** en ondersteun ‘n mens se algehele gesondheid fisies, emosioneel en denkend.

**COMMITMENT:** Daarom vra ons dat julle as ouers in samewerking met julle tieners ons Tightlybound byeenkomste op julle **KALENDERS sal neerskryf.** Die navorsing wys duidelik dat geloof ***nét so belangrik*** is soos sport, kultuur en akademie.

Vanaf die ouderdom van 14 jaar tot 25 jaar is jongmense besig met twee dinge:

- ✓ Identiteitsontwikkeling
- ✓ Spirituele ontwikkeling (om ‘n nabye verhouding met die Here te bou/geloofsvorming)

Hier by NG Montana voel ons dit is, saam met julle as gesin, ons **ROEPING** om jongmense te begelei tydens hierdie belangrike ontwikkelingsfase, juis in die lig van geloofloosheid wêreldwyd en die enorme getal van depressie en angs.

Ons gaan daarom verskeie strategieë volg om ons doelwitte te bereik en om tieners te ontmoet op hulle vlak:

- ✓ Sondae 17:00-18:30 Tightlybound tiener diens/praise and worship, waarna hulle sal verdaag na hulle verskeie Graad groepe om saam te werk uit, Jeugfokus. Jeugfokus word elke jaar nuut geskryf deur die kategese taakspan van die NG kerk en die fokus is om deur die hele Bybel te werk.
- ✓ Ons druk **werksboeke** van die jeugfokus produk wat <u>**by die jeugmentor moet bly op Sondae.**</u> Ons druk **Huisegloof boekies** wat huis toe moet gaan en by die <u>**HUIS MOET BLY!**</u> Geloof word grotendeels by die huis gevorm, daarom is dit belangrik dat julle as gesin probeer om so gereeld as moontlik saam in geloof te reis met behulp van die huisgeloof boekie.
- ✓ Ons gaan Maandae aande gebruik om Pop-ups te reël waar ons by ‘n neutrale plek soos ‘n koffie winkel by mekaar sal kom. Hierdie is nie verpligtend nie, maar ons vra asb dat julle kinders probeer om dit by te woon. Dit is díé tipe plekke waar hulle juis in geloof gaan groei want dit spreek reg in die kultuur en taal van ‘n tiener.

- ✓ Ons gaan Maandagaande ook gebruik om Instagram lives te doen waar ons gaan fokus om die Bybel te leer ken.
- ✓ Die Moontlike tyd daarvoor sal 19:00 wees.
- ✓ **Gesinsdienste:** Die ***eerste Sondag*** van elke maand is 'n ***Gesinsdiens*** in die kerk. In die vakansies sal daar geen familiedienste wees nie, wel die eredienste soos gewoonlik.
- ✓ **Tienerkamp:** Ons beplan 'n Tienerkamp in 2024. Ons sal so gou as moontlik die datums kommunikeer.
- ✓ **Oueropleiding:** Ons gaan deur die jaar oueropleiding geleenthede reël met relevante temas wat ons seker is julle as ouers sal interesseer.

**Inskrywingsondag:**

- ✓ Kom skryf jou Tiener in vir Tightlybound 17:00-18:30
- ✓ Betaal R100 registrasies fooi kontant of via EFT. Fooi word gebruik vir die aankoop van lesmateriaal, T-hemde, hot chocolate en vele meer vir ons aanddienste.

"It takes a village to raise a child" – bel ons as ons kan help met enige iets van julle dag tot dag bekommernisse.

***Mag dit 'n besonderse geseënde jaar vir julle huis wees! Maak God se Naam groot en die lewe vir mekaar makliker!***

| | | |
|---|---|---|
| Ds Carli Fourie<br>**Leraar**<br><br>074 137 7971 | Kayla Vorster<br>**Hoofmentor Tightlybound**<br>083 288 9793 | Natasha Cierenberg<br>**Gemeenteraad verteenwoordiger**<br>061 466 6253 |